

Soek jy 'n fantastiese tutor?

www.teachme2.com/matriek





basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

MEI/JUNIE 2024

NASIENRIGLYNE

LIMPOPO

PUNTE: 40

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 8 bladsye.

NASIEN VAN DIE LETTERKUNDE

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepeenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word). Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepeenaliseer.
2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepeenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.
4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING-vrae word geen punte vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.
5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
7. Aanvaar dialektiese variasies.
8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

AFDELING A: KORTVERHALE**VRAAG 1: BLADSAK – Lucas Malan****VERHAAL A: "KONING LEEU SE GESKENKE" – Pieter W Grobbelaar**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.1	(By) Koning Leeu se partytjie	1
1.2.1	Die bokvrouens (behalwe boerbok se vrou) (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1
1.2.2	Hulle was bang dat koning Leeu hulle sou vang/opvreet. (Of soortgelyk)	1
1.3	C/die diere moes wag tot dit hulle beurt is om iets te kry.	1
1.4	herhaling	1
1.5	melk	1
1.6.1	niemand wou ore hê nie	1
1.6.2	moeg daarvoor	1
1.7.1	D/... is gestraf, omdat hy met koning Leeu oor sy horings gestry het.	1
1.7.2	C/... se stem is weggevat, omdat hy koning Leeu gekritiseer het.	1
1.7.3	E/... het sy bene verloor en dit het hom nog gevaarliker gemaak.	1
1.7.4	A/... moes hoor hoe die ander diere vir haar lag.	1
1.8	<ul style="list-style-type: none"> Die diere het lekker gesing en gedans. Koning Leeu het vir die diere gesê waarom hy hulle uitgenooi het. Koning Leeu het al die geskenke uitgedeel. Toe Skilpad by die uitdeelplek kom, was daar niks meer oor nie. <i>(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurte wat op die korrekte plek is).</i>	1 1 1 1
1.9	<ul style="list-style-type: none"> Hulle was nie veronderstel om te kies watter geskenke Leeu vir hulle gee nie./Die keuse van geskenk was Leeu se keuse. Hulle behoort bly/dankbaar te wees oor enige geskenk wat hulle kry (en nie uit te soek nie). Jakkals en Wolf het hulleself benadeel/het aan die einde geen keuse gehad nie/moes met die laaste geskenke tevrede wees. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
1.10	<ul style="list-style-type: none"> Leeu het Koei en Perd anders behandel as die ander diere/vir Koei en Perd meer geskenke gegee/toegelaat dat Koei en Perd kon sê wat hulle wou hê. Hy was jammer vir Kameelperd toe hy sien hoe hartseer/verdrietig Kameelperd was. Hy was jammer/spyt dat hy so kwaai met Kameelperd was (want eintlik het Kameelperd niks verkeerd gedoen nie). <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
VRAAG	ANTWOORD	PUNT

1.11	<p>Die skrywer ...</p> <ul style="list-style-type: none"> noem reg aan die begin dat die diere bang is om nie partytjie toe te gaan nie/dat daar moeilikheid sal wees as hulle nie gaan nie. laat Leeu van "my diere" praat. beklemtoon dat Leeu kan doen wat hy wil, bv. hy mag eet wanneer hy wil/die partytjie hou. beklemtoon dat Leeu besluit wie kry watter geskenk. beklemtoon dat Leeu diere straf wat verkeerd optree, bv. Renoster. noem 'n paar situasies waar Leeu hardhandig teenoor die diere optree, bv. dat hy aan Olifant se neus gepluk het/vir Renoster geklap het/Kameelperd se stem weggevat het/beveel het dat Slang se bene afgekap moet word/op Koggelmander se kop getrap het. lig 'n situasie uit waar Leeu onregverdig opgetree het, bv. deur Koei en Perd anders te behandel. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.12	<p>Ek sou ...</p> <ul style="list-style-type: none"> nie kwaad geword het vir hom nie/hom nie gestraf/sy stem weggevat het nie. gedink het oor wat hy gesê het. om verskoning gevra het/sy stem teruggegee het. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1

VERHAAL B: "DIE TOWERSAK" – Corlia Fourie

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.13	<ul style="list-style-type: none"> Sy het die muti-vrou se oorpyn laat weggaan. Sy het vir die muti-vrou medisyne vir haar oorpyn gegee. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.14	C/goeie raad vir die meisie se ma wou gee.	1
1.15	<ul style="list-style-type: none"> Hy het geweet sy dogter/die meisie is anders. Hy het geweet die meisie wou loop waar sy wil. Hy het gesê as sy groot genoeg is, mag sy loop waar sy wil. Hy het haar geleer om spies te gooi (sodat sy haarself kon beskerm/verdedig). (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) 	2
1.16	<ul style="list-style-type: none"> Die ma was bekommerd/het gesê 'n meisie kan nie loop waar sy wil nie. Die ma het daarvoor gehuil. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.17.1	buffel	1
1.17.2	vuurtjie/vuur	1
1.17.3	krygsmanne/soldate	1
1.17.4	leeg	1
1.18.1	tevrede	1
1.18.2	ongelukkig	1
1.19	<ul style="list-style-type: none"> Die jong man het weggegaan omdat hy alles van die meisie af geweet het. Die jong man het weggegaan omdat die meisie hom in die sakkie laat kyk het. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
1.20.1	C/Die meisie het nuwe stories in die sakkie gesit.	1
1.20.2	A/Die dorpie se mense het vir die meisie kos en slaapplek gegee.	1
1.20.3	E/In die dag het die meisie op die lande gewerk en in die aand het sy stories vertel.	1
1.20.4	B/Die meisie en die jong man het mekaar weer raakgeloop.	1
1.21	<ul style="list-style-type: none"> Die meisie het haar ma belowe sy sal nie in die sakkie kyk nie/het haar belofte verbreek. Die meisie het toegelaat dat die jong man haar manipuleer. Die sakkie was nie meer 'n towersakkie nie/was leeg/het die meisie nie meer gehelp nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
1.22	<ul style="list-style-type: none"> Die jong man het die meisie vals beskuldig. Dit was die jong man se skuld dat die sakkie leeg was. Dit was verkeerd van die jong man om te loop sonder om vir die meisie te sê. Die jong man het die meisie in 'n gevaarlike situasie/sonder beskerming/alleen gelos. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
1.23	<ul style="list-style-type: none"> Die jong man en die meisie het weer bymekaar uitgekóm/was weer saam/was gelukkig. Die jong man en die meisie het dinge uitgepraat. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
1.24	<ul style="list-style-type: none"> Die hele verhaal handel oor die towersak. Daar word van die begin af van die towersak gepraat. Die verhaal begin waar die muti-vrou die towersak vir die meisie se ma gee. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1

TOTAAL AFDELING A:**40**

AFDELING B: DRAMA**VRAAG 2: PERDEKRAG – Cecilia du Toit**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
2.1.1	Lucky het die katjies verdrink/doodgemaak/vrekgemaak. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1
2.1.2	<ul style="list-style-type: none"> By die (ryk) mense waar sy ma gewerk het se huis. By die (ryk) mense wat in Shangri-La Villas gebly het. In die visdam (waar die ryk mense gebly het.) (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
2.2	<ul style="list-style-type: none"> Lady Jane Tinkerbelle (Enige EEN) 	1
2.3	'n metafoor	1
2.4	D/sy tyd op die plaas hom nie met sy probleme gaan help nie.	1
2.5	<ul style="list-style-type: none"> huiswerker/skoonmaker/bediende/huishulp domestic (Enige EEN) 	1
2.6.1	ontevrede	1
2.6.2	hulp	1
2.7.1	E/... se persoonlike probleme het haar bang gemaak vir ander mense.	1
2.7.2	C/... was so besig dat sy nie tyd vir die belangrikste mens in haar lewe gehad het nie.	1
2.7.3	A/... se swaarkry het Lucky so kwaad gemaak, dat hy baie verkeerd opgetree het.	1
2.7.4	B/... het skuldig gevoel omdat Grace geskiet moes word oor iets wat sy verkeerd gedoen het.	1
2.8	<ul style="list-style-type: none"> Binki het vir Lucky vertel van Dukie wat in die brand dood is. Binki het vir Lucky 'n foto van Dukie op haar foon gewys. Lucky het Sabrina se naam op Binki se foon na Ma verander. Wilma het vir mevrou Bekker vertel dat Lucky hard gewerk het. (Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurte wat op die korrekte plek is.) 	1 1 1 1
2.9	<p>Lucky ...</p> <ul style="list-style-type: none"> wou nie op die plaas wees nie/niks op die plaas doen nie. het gedink almal/Wilma veroordeel hom. het gedink die lewe is onregverdig/nie fair nie/was kwaad vir die lewe/het gevoel die ryk mense het sy ma nie genoeg betaal nie/geweet die katte se prys was meer as sy ma se salaris. wou nie die werk doen wat Wilma vir hom gegee het nie/was nie gewoond aan die werk (wat hy moes doen) nie (want dit was sy eerste keer op 'n perdeplaas). voel vasgekeer. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
2.10	<ul style="list-style-type: none"> Lucky was onbeskof/ongehoorsaam/stout/het nie goeie maniere gehad nie. Wilma wou hê Lucky moes die erns van die saak besef. Wilma wou hê Lucky moes die kans wat hy gekry het om iets te leer, benut. Lucky praat lelik van ander mense/is sarkasties. Lucky het nie respek vir Wilma gehad nie. Lucky het witmense/ryk mense gestereotipeer. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (Kandidaat kan ook voorbeelde noem) 	1
2.11	<p>Die magistraat ...</p> <ul style="list-style-type: none"> het empatie/simpatie teenoor Lucky gewys/was jammer vir Lucky. het vir Lucky (nog) 'n kans gegee (om uit sy foute te leer)/om diere te leer ken. het begrip gehad/Lucky se situasie verstaan. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
2.12	<ul style="list-style-type: none"> Dit maak Lucky se karakter geloofwaardig. Lucky is 'n Xhosa-seun (wat nie suiwer Afrikaans praat nie.) Baie jongmense meng hulle taal/praat so. Afrikaans is nie Lucky se huistaal nie. Lucky praat soos die mense van sy omgewing. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
2.13	<ul style="list-style-type: none"> Lucky wou weer die foto's van Dukie/Binki se hond sien. Lucky wou sy ander/nuwe naam/Extra Lucky op Binki se foon intik. (Of soortgelyk aan bogenoemde) 	2
2.14.1	karwats/sambok/sweep	1
2.14.2	geval	1
2.14.3	katjies	1
2.14.4	neus	1
2.15	(nuwe/vars/skoon) water	1
2.16	agterdogtig/verstom/geskok/verbaas/geamuseerd/sy kon nie glo wat sy sien en hoor nie/tevrede/gelukkig (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
2.17	<p>Binki het 'n bloes met lang moue gedra ...</p> <ul style="list-style-type: none"> om haar letsels/merke/brandwonde weg te steek. want sy was skaam (vir haar letsels). (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
2.18.1	te terg	1
2.18.2	positiewe	1
2.19	D/deur die trane nie gesien het sy gaan by Kaizer se stal in nie.	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
2.20.1	E/Wilma het vir Lucky gesê om mooi met Binki te werk.	1
2.20.2	D/Lucky wou by Wilma weet waarom Wilma “soort van community service” gedoen het.	1
2.20.3	B/Lucky het besef dat hy ander mense seermaak as hy praat sonder om te dink.	1
2.20.4	C/Binki het besluit dat sy nie meer haar letsels gaan wegsteek nie.	1
2.21	<ul style="list-style-type: none"> Lucky het die bloes se mou per ongeluk (los)geskeur/Lucky het skuldig gevoel dat hy dit gedoen het. Lucky was bang dat hy in die moeilikheid sou wees by Wilma/sy prokureur/die magistraat. Hy was jammer/spyt (dat hy vir Binki ontstel het). Lucky het besef dat hy Binki skaam laat voel het/verneder het. Hy wou die situasie weer beter maak/Binki se littekens bedek/toemaak/wou nie die letsels sien nie. Binki se arms het letsels/littekens. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i> <i>(Geen direkte aanhalings word aanvaar nie)</i>	1
2.22	Lucky ... <ul style="list-style-type: none"> het geleer/besef dat diere regtig verstaan. was nie meer kwaad nadat hy met Kaizer gepraat het nie/het beter/lichter gevoel. het by Kaizer geleer om respek te hê/om nie diere te mishandel nie. het goeie lewenslesse by Kaizer geleer. het die kans gekry om diere beter te kan verstaan. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
2.23.1	Ek het geleer dat ... <ul style="list-style-type: none"> konfrontasie/aggressie/woede/arrogansie nie help nie. ek eerlik moet wees oor wat ek verkeerd gedoen het. ek om verskoning moet vra vir wat ek verkeerd gedoen het. mense my sal vergewe/nie sal veroordeel vir wat ek verkeerd gedoen het (nie). praat/kommunikasie verhoudings beter maak/'n mens moet praat oor dinge wat jou seermaak. perde (mense se probleme) verstaan/ook omgee soos mense. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
2.23.2	Ek het geleer dat ... <ul style="list-style-type: none"> 'n mens nie iemand anders kan dwing om vir jou tyd te maak nie. ek dinge moet aanvaar wat ek nie kan verander nie. ek ander goeie dinge in my lewe/vriende/mense wat vir my omgee moet waardeer. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1

TOTAAL AFDELING B:	40
GROOTTOTAAL:	40